LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

26-03-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 11 VIR 2018

Die Klipkerk bied 'n besonderse geleentheid aan met spreker Johan Smith wat opbouend is vir ons kinders en ouers in ons gemeenskap.
Dr Johan Smith – bied 'n Ouer/Kindverhoudingskursus/gesprek aan op Maandag, 26 Mrt om 18:30.

1 **DANKIE:**
Baie dankie vir elke ouer en leerder se bydrae om van hierdie kwartaal 'n sukses te maak. Ons waardeer u elkeen opreg!

2 **VERKEERDE KLERE:**
Indien u kind met verkeerde klere by die huis aankom, stuur dit asb. vir ons terug skooltoe. Dit gebeur al hoe meer dat leerders se klere wegraak by die skool en daarom versoek ons u om asb. ons hiermee te help.

3 **GRAAD 1/2019:**
Ons Graad 1/2019 Opedag vind vanjaar plaas op 12 April om 18:00 in die skoolsaal vir al die belangstellendes ouers en die aanlyn registrasies begin op 16 April 2018. **Hier sal hulp by die skool wees vanaf 08:00.**

4 FONDSINSAMELING:
Leerders en ouers word versoek om asb. te woeker hierdie vakansie met die verkope van die VW Vivo kar- kaartjies. Onthou daar is groot pryse wat gewen kan word. Sluitingsdatum: Dinsdag, 15 Mei 2018.

5 **BLOEDSKENK**:
Baie dankie vir almal se ondersteuning tydens die afgelope Saterdag se bloedskenk. Elke druppel bloed red 'n lewe!

6 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 1:**
Die Suikerbosrand Eisteddfod Deel 1 vind plaas vanaf 11-21 Junie by die TPA Saal in Heidelberg. Hierdie afdeling sluit in: Afrikaanse en Engelse Voordrag en Redenaars/Spreekkuns. Sluitingsdatums vir inskrywings by Laer Volkskool is 1 Mei 2018.

Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Kostes beloop: Redenaars: Individueel - R40 en Onvoorbereid - R40; Gedigte - R35.
Let asb. daarop dat alle inskrywingsgelde kontant betaalbaar is. Die korrekte bedrag moet saam met u volledige inskrywingsvorm ingehandig word - geen kleingeld is beskikbaar nie.
Inskrywingsvorms en gedigte is beskikbaar by Juf. Lizelle Botha (Gr R-3) en Juf. Helanie Willemse (Gr 4-7), asook Redenaar-inligting.

7 **NETBAL 2018:**

- Oefening is net Maandag (vandag).
- Al die spelers van die 0/10 tot 0/13 A en B spanne moet 'n afskrif van hulle geboortesertifikaat en 'n ID foto (klein foto's van Individuele skoolfoto's) inhandig by hulle afrigters voor of op 10 April.
- Wedstryde vir 2018:

28 Maart - 4 April	1ste span toer
11 April	Weg te Laerskool Eloff - C spanne
12 April	Netbal te Laerskool Van Riebeeckpark
14 April	Rugby en Netbaldag te Laerskool Midvaal

- MINI-NETBAL:
Mini-netbal oefening ook net Maandag.

6 **KOOR**:

- Juniorkoor oefen Maandag vanaf 14:00 - 14:45. Ouers moet asb. buite die saal wag totdat die koorlede verdaag.
- Seniorkoor oefen eers weer in die 2de kwartaal.

7 **RUGBY**:

- Al die rugby-oefeninge sluit vandag af vir die kwartaal. Ons begin weer 16 April met oefeninge.
- Bulletjies oefen ook net op Maandag.
- ***Vriendskaplike rugbywedstryde en ligadatums:***

11 April	0/9B en 3de span @ Laerskool Eloff	Weg
12 April	0/8 - 2de span @ Laerskool Van Riebeeckpark	Weg
14 April	0/8 - 1ste span @ Laerskool Midvaal	Weg
19 April	0/9 - 1ste span @ Laerskool Vryheidsmonument	Weg

- Ouers neem kennis asb.dat vanaf Maandag, 16 April is die rugby oefentye NET VIR 'N MAANDAG anders as die gewone tye van Dinsdag en Donderdag omdat daar Bulletjie rugbyoefening is op 'n Maandagaand vanaf 17:00 - 18:00 en die seniors nie saam met die Bulletjies kan oefen nie.
- Rugby oefentye vir alle spanne, net op 'n Maandag vir die 2de kwartaal:
0/9 en 0/10 - 14:00 - 15:00
0/11 en 3des - 15:00 - 16:00
2des en 1stes - 16:00 - 17:00

8 SKAAK:

- Geen oefening vir die week nie.
- ***Datums van belang:***
  * 26 Mei - Gauteng Individuele toernooi
  * 21 April - Liga
  * 27 - 28 Julie - Finale

- ***Klub-datums van belang: (datums is onderhewig aan veranderinge)***
  * 20 April; 25 Mei; 22 Junie; 20 Julie; 24 Augustus; 28 September; 26 Oktober; 23 November

9 **VAKANSIE-NASKOOLSENTRUM:**

Die Naskoolsentrum sal gedurende die Maart vakansie oop wees. Vir enige navrae kontak vir Juf Baulha Booysen 0741658891.
Reëlings is as volg: Daar sal water, koeldrank, skyfies en springmielies verskaf word.
Tye: 07:00 tot 17:30 van Maandag tot Vrydag by die skool in Juf Baulha se Graad R klas
Wie: Graad RR tot Graad 4
Koste: R60 per kind per dag en betaalbaar by Juf Baulha.
Datum: 29 Maart 2018 tot 9 April 2018 - nie openbare vakansiedae nie

10 **2DE KWARTAAL DATUMS OM TE DAGBOEK:**

10 April om 16:00 - 19:00 in die klasse - Akademiese Oueraand - Graad R tot Graad 7 (geleentheid om na skrifkte en vraestelle te kyk)
11 April om 18:00 in die skoolsaal - Graad 6 Inligtingsaand
12 April om 18:00 in die skoolsaal - Graad 1 Opedag
21 April om 08:00 op die rugbyveld - Kleuteratletiekdag

11 **ATKV-REDENAARS:**

Baie geluk aan Mieka Rabie, Milan Rautenbach en Elmien Labuschagne, wat op 8 Junie 2018 aan die volgende rondte van die ATKV gaan deelneem by Hoërskool Transvalia.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF